

**21 November**

**Daniël 6:1-29; (Teks: 6:24)**

***Om rustig te kan slaap***

Hy is droewig, ontsteld, paniekerig, verskrik, hy kan nie eet nie, hy kan nie slaap nie, hy verafsku sy eie lewe. Sy lewe het in 'n nagmerrie verander. 'n Mens dink onwillekeurig aan Daniël in die leeuuil... nee, dit is koning Darius in sy pragtige paleis op sy sagte koningsbed! Darius het 'n slaaf geword van sy eie dekreet (onherroeplike bevel!) wat hy op die slinkse aandrang van sy eie onderdane uitgevaardig (6:9-10) het: Niemand mag dertig dae lank iemand anders as die koning aanbid nie. As Daniël as gevolg hiervan in die leeuuil gegooi word het Darius geen rus of duurte vir homself nie. Het dit u opgeval dat daar in hierdie hele hoofstuk niks gesê word van Daniël se gemoedstoestand nie? 'n Mens sou kan aanneem dat Daniël 'n "normale", rustige nag gehad het - 'n klomp hongeriige leeus ten spyt! Hoe het Daniël dit onder hierdie moeilike omstandighede reggekry? Alleen deur vertrouwe in die Here (6:24). Rustig en kalm het hy in sy godsdiens volhard. Drie maal per dag (meer as 'n duisend keer per jaar!) het hy sy gesig na Jerusalem gedraai en tot die Here gebid, en dit terwyl Jerusalem op hierdie tydstip in 'n puinhoop gelê het! Ondanks dit alles sou die Here steeds vir hom sorg. So sou Darius se gemoedstoestand dan ook verander (6:24) en hy wend hom weereens tot 'n dekreet (6:26-27): Almal moet nou in vrede hulle na die Here wend en Hom dien. Die nuwe bevel is nie meer hard en meedoënloos soos die eerste nie maar is nou 'n wet van liefde en genade.

Hierdeur besef ons: 'n Sagte warm bed en luukse omstandighede beteken nie noodwendig 'n goeie nagrus nie. En verder: Koue klipmure, ystertralies en uiters gevaarlike omstandighede beteken nie noodwendig 'n slegte nagrus nie. Waar lê gemoedrus? Wat maak die werklike verskil? Ware geloof in die Here Jesus Christus! Met Hom ervaar jy die "wet" van rus, vrede en genade. Sonder Hom bly daar net die harde en koue wet van die wêreld - die "wet van Meders en Perse".

Sing: Psalm 46:6

Ds. D.P.J. Erasmus (Jeffreysbaai)